CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

NOMMER 13 6 JUNIE 1980

# SSR-kantore geopen

Die amptelike opening van die studenteraadskantoorkompleks van ongeveer twintig vertrekke het op 26 Mei as deel van die Republiekfeesvieringe plaasgevind.

Mnr. Jan Botha, adjunk-voorsitter van die SSR, het die verrigtinge gelei in die plek van mnr. Jan-Louis du Plooy wat wel teenwoordig was, maar weens 'n rugby-besering tans moeilik praat. Hy het gesê dat die nuwe kantore 'n groot leemte uit die weg geruim het en dat hulle vandag moeilik kan glo hoe hulle voorheen daarsonder kon klaarkom.

Prof. Tjaart van der Walt het in sy hoedanigheid as vise-kanselier 'n gedenkplaat onthul. Dit was vir hom 'n besondere geleentheid, aangesien hy by die ingebruikneming van die vorige kantore as studenteraadsvoorsitter teenwoordig was.

Prof. van der Walt het gesê dat fisiese fasiliteite nie die essensie van die studentelewe is nie, maar dat goeie fisiese fasiliteite baie stimulerend vir 'n gesonde studentelewe is.

Die verrigtinge is ook bygewoon deur brigadier Ferreira, van die Noord-Westelike kommandement, dr. A.P. Treurnicht en die vise-rektore.

Daarna is 'n glasie sjerrie geniet deur die eregaste, SSR-lede en voorsitters en primarii van verenigings, dagstudentekoshuise en rade wat kantore in die kompleks gebruik.

'n Massa-ete is intussen gehou, waarna die republiekfeesverrigtinge in die amfiteater begin het. Tydens hierdie verrigtinge is die nuwe PU-vlag vir die eerste keer deur mnr. Jan-Louis du Plooy ontplooi.

Daarna het dr. Andries Treurnicht, kabinetslid en leier van die NP in Transvaal, gepraat oor nuwe horisonne vir die RSA. (Sien berig elders.)

Om agtuur was daar 'n uitvoering deur die sanger Nic Taylor.

# SA moet toekoms self uitwerk

***Min. Andries Treurnicht was die geleentheidspreker by die Republiekfeesverrigtinge op 26 Mei 1980. Sy tema was: Suid-Afrika — Op Pad Na Nuwe Horisonne.***

Hy het die onrealistiese opvatting dat die Suid-Afrikaner besig is met 'n nuwe Groot Trek op pad na 'n nuwe vaderland, die nek ingeslaan. Op die grondgebied waar ons vandag staan sal ons ons toekoms moet uitwerk, het hy gesê.

Volgens min. Treurnicht beteken "nuwe horisonne" ook nie dat ons besig is mét die bevrediging van 'n imperialistiese, ekspansionistiese drang nie. Daarenteen mag die Suid-Afrikaner homself nie uit sy land laat dryf nie. Ons toekoms word nie in die hoofstede van die wêreld of in die VVO bepaal nie, maar moet deur onsself uitgewerk word. Ons mag ons nie deur ver-linkse en kommunistiese elemente laat misbruik nie — veral nie opvoedkundige inrigtings nie.

Om nuwe horisonne te bereik, moet ons *vasberade* wees en nie net bly verduidelik nie, maar ook bereid wees om te veg, sê hy.

Die toekoms van die land lê in sy breinkrag, sy standaard van opleiding en sy ondernemingsgees — sonder hierdie elemente is daar geen nuwe horison nie.

Buitensporige materialisme en verwaarlosing van geesteswaardes en geestelike dissipline maak 'n volk sag. Sy finansiële voorspoed en winste moet herbelê word in sy wetenskap en industrie en nie in ydele plesiere nie, het hy gesê.



*Mnr. Theuns Eloff saam met mnr. David Dimblebee (links) en mnr. David Harrison (regs), wat 'n opname van Dr. Van Zyl Slabbert se rede in die J. Chr. Coetzee gemaak het. Dit sal deel uitmaak van 'n opvolgfilm vir 'The white tribe of Africa', wat 'n objektiewe BBC-film oor die Afrikaner was. Hulle sal later ook van SGD se aktiwiteite vir dié doel verfilm.*



*Prof. Tjaart van der Walt onthul die gedenkplaat by die SSR-kompleks. Hy was ook teenwoordig by die ingebruikneming van die vorige studenteraadskantore.*

# Die Matie tydelik ingekort

Die uitvoerende komitee van die afgesette Studenteraad het onlangs besluit om die aantal uitgawes van Die Matie tot die einde van die semester drasties in te kort.

Die redakteur is in kennis gestel dat nog net een uitgawe toegelaat sal word. Dit moes die verkiesingsprosedure en die kandidate vir die nuwe studenteraad bevat.

Die redakteur, mnr. Kobus Pienaar, was hewig ontstoke oor die manier waarop die aangeleentheid hanteer is. Volgens hom kon die Komiteelede hom ten minste in die saak geken het.

Die probleem rondom Die Matie se finansies het ontstaan toe mnr. Pienaar ontdek het dat 'n aantal rekeninge uit die voorafgaande termyne nooit betaal is nie.

Hoewel toestemming verleen is om voort te gaan met die uitgee van die koerant, sal die advertensie-inkomste by verre nie genoeg wees om Die Matie so dikwels uit te gee as wat aanvanklik beplan is nie.

# Van Zyl-Slabbert oor volkereverhoudings

**Dr. F. van Zyl-Slabbert, leier van die PFP, het op Sinsdag 27 Mei as gas van die Politiese Raad studente en personeellede van die PU toegespreek.**

Dr. Slabbert het sy tema, *Bevolkingsverhoudings*, onderverdeel in drie punte waarop hy later uitgebrei het.

- Die Suid-Afrikaanse ekonomie gaan toenemend afhanklik word van swart arbeid.
- Die werklike politieke mag gaan nog vir die afsienbare toekoms deur die blanke gemonopoliseer word.
- Die konflik tussen die ekonomie en die politiek sal nie opgelos kan word solank die huidige regering bly misbruik maak van etnisiteit nie.

Die swartman gaan in die toekoms die welvaart van die land bepaal, maar hy gaan van die politieke proses uitgesluit word. Volgens dr. Slabbert moet meer swart ondernemers gekweek word en struikelblokke moet uit die weg van die bestaande ondernemers geruim word.

Die groepsgebiedewet, die Wet op Gemengde Huwelike, Artikel 16 van die Ontugwet en die Paswet strem die bewegingsvryheid van mense en hulle deelname aan die ekonomie en politiek. Dit strem ook rasseverhoudinge.

Dr. Slabbert het die 12-punt-plan van die eerste minister gekritiseer en gesê dat enigeen dit kan interpreteer soos hy wil.

Die plan van die regering om afsonderlike gebiede en polities onafhanklike, maar nie selfonderhoudende, state te skep, sien hy as drasties en radikaal en daarom beskou hy homself eintlik as 'n baie konserwatiewe Afrikaner. Al wat hy verlang, is *beraadslaging* tussen al die mense van Suid-Afrika — en dit beskou hy nie as dieselfde as die beleid van *konsultasie* van die Regering nie. Volgens hom kom dit eintlik maar neer op 'n beleid waarvolgens die anderskleurige bloot *ingelig* word waar hy in die skema inpas.



*Dr. Van Zyl-Slabbert aan die woord.*

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

## Taylor deel van Republiekfeesviering

**Die bekende Nic Taylor het op Maandagaand 26 Mei 'n konsert in die ouditorium van die studentesentrum aangebied. Die konsert het deel gevorm van die PU se Republiekfeesviering en is deur die Kultuurraad aangebied.**

Nic Taylor is goed bekend vir sy ligte Afrikaanse liedjies en het die afgelope paar maande groot aansien geniet met sy verhoogblyspel, "Christian".

In 1963 het sy plaat "Dink aan my" verskyn en in 1974 die een wat besonder goed gevaar het: "Stille Rivierstroom."

'n Vroeëre langspeler van Nic Taylor "Ons mooiste volksliedjies", wat baie swak verkoop het, bly nogtans vir Nic sy beste plaat.

Sy belangstelling in Afrikaans het daartoe gelei dat hy soveel Afrikaanse liedjies geskryf het. Volgens Nic Taylor is daar ook baie geleenthede op die Afrikaanse platemark.

Op die vraag hoe hy sy eie musiek beskou, het hy geantwoord dat hy in die eerste plek vir homself skryf, maar dat mense (en die gehoor) 'n groot invloed op sy musiek het. Die musiek van Koos du Plessis lê hom baie na aan die hart.

Gedurende die konsert het Nic Taylor se veelsydigheid duidelik geblyk. Die uitvoering het plek gemaak vir nabootsings van ander bekende sangers, voorbeelde van die talle advertensies wat hy vir maatskappye gemaak het (wat 'n mens gereeld oor die radio en televisie hoor), sy virtuose begeleiding op die kitaar, wat duidelik geblyk het uit "Siembamba", en ook die eerlike en intense manier waarop hy ander liedjies kon sing.

Sy vertolking van "Seasons in the Sun" was manjifiek.

Nic Taylor het beslis gesorg vir goeie vermaak!



*Nic Taylor in 'n gesellige luim saam met die Klawerhof-dames.*

## Mimi betower gehoor

**Mimi Coertse, die gevierde Suid-Afrikaanse sopraan, het Vrydagaand 23 Mei, 'n uitvoering in die ouditorium van die Hennie Bingle-studentesentrum gegee. Mej. Coertse het vanaf die eerste noot van haar uitvoering 'n betowerde gehoor aan haar voete gehad.**

Die program het 'n ryk verskeidenheid van gewilde liedere ingesluit. Die program, wat aanvanklik na 'n bonte verskeidenheid gelyk het, kon teen die einde van die aand saamgevat word in een begrip; skoonheid van kuns.

Mej. Coertse het enersyds die gehoor geboei met die eenvoud van "Blow the wind southerly" en andersyds die gehoor geamuseer met haar pittige vertolking van "Oliver Cromwell".

Die tweede helfte van die uitvoering is ingelei met vier liefdesliedere van Richard Struass waarmee sy die hart 'n ver pad laat loop het.

Die Afrikaanse liedere wat sy gesing het, was in 'n sekere opsig die hoogtepunt van die aand. Mej. Coertse se vertolking van "Mali, die slaaf se lied" van S. le R. Marais het 'n hewige applous ontlok.

Die twee Boerneefliedjies uit die siklus van sewe wat al sinoniem is met Mimi Coertse, is getrou aan haar hoë kwaliteit uitgevoer. Prof. Pieter de Villiers wat die begeleier was, is ook die komponis van die Boerneefliedjies.

Die drie arias waarmee sy haar program afgesluit het, het mej. Coertse vertoon op haar beste.

Die staande applous ná die immergroen "Heimwee" en "Zwei Schätzli" kon alleen aan mej. Coertse oordra: "Dankie, ons Mimi."



*Mimi Coertse tydens haar uitvoering in die ouditorium van die studentesentrum.*

## Fluitdosent by konservatorium

**Mej. Albie du Plessis is van die begin van die jaar af aangestel as fluitdosent by die Musiekkonservatorium aan die PU.**

Mej. Du Plessis het verlede jaar haar studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi waar sy die graad B.Mus. met spesialisasie in Komposisie verwerf het. Haar praktiese hoofvakke was klavier en fluit.

Haar fluitdosent aan die UP was Dirk Belzer. Sy het ook lesse geneem by die eerste fluitspeler van die Nasionale Simfonie-orkes van die SAUK, Amos Eisenberg.

Hoewel mej. Du Plessis se voorliefde komposisie is, glo sy in 'n balans tussen die teoretiese skepping van musiek en die praktiese uitvoering daarvan. Elkeen het sy voordele: komposisie is skeppend, maar 'n komponis se hoofdoel is dat sy komposisies uitgevoer moet word, sê sy.

Sy het 'n baie wye musieksmaak — van klassieke avant garde musiek tot goeie popmusiek, waaronder die Bee Gees. Sy sou graag wou sien dat daar meer gemaak word van musikale "happenings" waar die studente net gaan sit en improviseer. Haar ideaal is verder dat musiek meer na die man op straat gebring moet word.

Mej. Du Plessis koester nie soseer ideale vir 'n uitvoerende loopbaan nie. Sy sal veel eerder wil lesgee. Dit is ook daarom dat sy beplan om vir 'n ruk in België te gaan studeer en dan terug te kom om haar nuwe kennis en vaardigheid hier te kom toepas.

Sy meen verder dat studente niemand kan verwyt dat daar te min geleenthede is om op te tree nie. "As 'n mens regtig wil optree, moet jy self die geleenthede skep", sê sy.

## "Mahler" van hoë gehalte

**Die Filmvereniging het op Woensdagaand 28 Mei die film "Mahler" vertoon as bonus om hierdie semester se vertonings mee af te sluit. Die regisseur was Ken Russel en Robert Powell het die titelrol vertolk.**

"Mahler" vertel die lewensverhaal van dié komponis deur feitlik elke moontlike rolprenttegniek te gebruik. Kontroversieel vanuit alle oogpunte word simbolisme, allegoriese verwysings, terugflitse, effekfotografie en selfs erotiek gebruik om die trefkrag van die film te versterk.

Ken Russel slaag daarin om Mahler se aardsgebondenheid en liefde vir die natuur te illustreer, maar hy verwys ook na Mahler se paradoksale karakter — die enigmatiese konflikte tussen sy Joodse agtergrond en getrouheid aan sy vaderland, Duitsland.

Dié film was inderdaad 'n bonus. Dit was dié tipe film wat 'n mens binne die bestek van drie ure 'n ervaring van 'n leeftyd besorg het.

Die films wat tot dusver deur die Filmvereniging vertoon is, getuig van uiters hoë gehalte. Dit is die moeite werd om die vertonings by te woon.

Kaartjies wat toegang tot drie vertonings verleen, is verkrygbaar teen R4. Seisoenkaartjies vir studente kos R6.


Die sleutel tot 'n goedkoper ryding is een van



ELCON MOTORS se gebruikte motors

250 GOEIE, GEBRUIKTE MOTORS ALTYD IN VOORRAAD WAARUIT JY KAN KIES

ENIGE FABRIKAAT

SPESIALE AFBETAALVOORWAARDES VIR STUDENTE

Kom gesels met At Jacobs, Pieter Schimpers, Hennie van Rensburg, Piet Loubser, Frank Lewis of Duif Voges by RIVIERSTRAAT 82 of skakel 2-3886/7/8


## Sjôrdé suksesvol

**Die Departement Spraakleer en Drama het die pas afgelope week, van 26 tot 29 Mei, 'n suksesvolle Sjôrdé-aanbieding in die foyer van die PU-kamertoneel aangebied. Die drama was "Have you met our rabbit?", met Peet van Rensburg as regisseur. Die rolbesetting was Bet Botha en Roeloff van den Bergh.**

Dit is 'n Engelse eenbedryf deur Michael Stevens wat sedert 1970 'n gewilde deel uitmaak van etensuurprogramme in Engeland.

Die situasie is hier miskien nie so bekend nie, maar is tog moontlik.

Twee mense word in 'n sitkamer-kuier situasie gekonfronteer met die groot probleem. Hoe maak ek myself verstaanbaar as ek die ander een se taal nie verstaan nie? Die komiese in die verloop word vergroot deur die feit dat die gehoor albei verstaan.

Die drama ontgin die moontlike kommunikasiemetodes as die woord faal en dit lei tot skreeusnaakse situasies. Die dame toets die moontlikhede om aan die jongman enigiets wat sy voel of wil te sê... omdat sy weet dat hy nie begryp nie. So 'n speletjie kan mens dalk in die moeilikheid laat beland!

En tog is daar tussen mense 'n universeel menslike iets wat almal begryp, of jy die taal verstaan of nie. Dit moet twee mense na 'n halfuur se gespartel tot hulle vreugde ontdek.

"Have you met our rabbit" was inderdaad goeie ontspanning oor die middaguur.

# Prof. Olthuis besoek PU

**Prof. J.H. Olthuis van die "Institute for Christian Studies" in Toronto is tans gasdosent aan die PU. Hy en sy vrou is hier op uitnodiging van die Paneel vir Christelike Wetenskapsbeoefening en sal vir ses weke in Suid-Afrika wees.**

Prof. Olthuis het voorgraads gestudeer aan Calvin College in Grand Rapids, Michigan. Later is hy na die Vrije Universiteit waar hy gepromoveer het onder prof. Van Riessen. Sy proefskrif het gehandel oor "Facts, Values and Ethics". Prof. Olthuis stel veral belang in filosofiese en teologiese hermeneutiek en die verband tussen wetenskap en die Woord van God.

Mev. Jean Olthuis is verbonde aan die "Curriculum Development Centre" van die AACS in Toronto. Dié liggaam het al verskeie alternatiewe leerplanne vir Christelike laerskole in Toronto uitgewerk. Mev. Olthuis is veral nou betrokke by die werksaamhede van die Fakulteit Opvoedkunde.

Prof. Olthuis het al verskeie lesings voor studente en dosente van die PU gelewer. Hy het hom veral toegespits op antropologie en persoonlikheidsontwikkeling in sy lesings. Hy het veral klem daarop gelê dat die mens as gelykwaardig geskape is en dat enige onderwaardering van die vrou in wese sondig is.

Op Woensdag 28 Mei het prof. Olthuis en sy vrou 'n groep studente in die Klein Sitkamer toegespreek. Dié geleentheid is deur die Akademiese Raad gereël, maar is gekenmerk deur swak bywoning. Die gesprek met prof. Olthuis en sy vrou was egter baie geslaagd en het die teenwoordiges met baie nuwe idees gekonfronteer. Mev. Olthuis het gemeen dat die rede vir die onbetrokkenheid van die Afrikaanse student by ons stelsel van onderwys gevind kan word. Sy meen dat Afrikaanse kinders opgevoed word om passief te wees.

Die meeste van die idees wat deur prof. Olthuis uitgespreek is kan ook gevind word in sy boeke: "I Pledge You My Troth" en 'n IBC-studiestuk "The Word of God and Biblical Authority". Prof. Olthuis sal nog vir twee weke in Potchefstroom wees om saam met die Paneel te werk.



*Prof. Olthuis spreek 'n groepie studente in die klein sitkamer toe. Hierdie byeenkoms van die Akademiese Raad is swak bygewoon.*

# Koeleman oor geneesmiddels

**Dit help nie as die briljantste farmakoloë 'n wondergeneesmiddel vir die mees gevreesde siekte ontdek, dit suiwer maak en tot die mooiste tablet of salf verwerk, maar dié middel word nie in die liggaam vrygestel nie," het prof. H.A. Koeleman onlangs in sy intreerede gesê. Hy is bevorder tot hoogleraar in die Departement Farmaseutika en Farmaseutiese Chemie aan die PU.**

Prof. Koeleman het gepraat oor Perspektiewe in Biofarmaseutika en aangetoon dat 4 000 geneesmiddels in 1977 in die VSA getoets is en dat net dertig persent daarvan effektief was.

Dat sterfgevalle al voorgekom het omdat geneesmiddels nie voldoende in die liggaam vrygestel is nie, is gewis, maar hy het gesê dat die aantal onbekend is.

Prof. Koeleman het na die geskiedenis van geneesmiddels verwys en onder meer vertel van die sogenaamde "Ewigheidspil" wat deur die hoof van die huis ingesluk is om homself en sy huis teen siektes te beskerm.

Hy het die belangrikheid van beter metodes en die groter uitbreiding van navorsing beklemtoon, veral met betrekking tot geneesmiddels vir ou mense.

Hy het verduidelik dat geriatiese persone die grootste verbruikers van geneesmiddels is. Dit is daarom noodsaaklik dat spesifieke geneesmiddels ontwerp word wat aangepas is vir die eiesoortige behoeftes van dié mense om die veiligste, maklikste en mees effektiewe terapie te verseker.

Prof. Koeleman het ook gesê aptekers moet korrekte inligting aan pasiënte verskaf oor die gebruik van geneesmiddels om die doeltreffendste uitwerking te verseker.

In 1971/72 het hy ook aan die Universiteit van Cincinnati in die VSA in Toegepaste Biofarmaseutika studeer.

Hy is sedert 1967 'n personeellid aan die PU, eers as laboratorium-assistent en vanaf 1968 as dosent.

Hy dien in verskeie professionele organisasies en is outeur en/of mede-outeur van twaalf wetenskaplike publikasies. Verder het hy referate gelewer by ses nasionale en twee internasionale kongresse.

Prof. Koeleman is getroud met mej. Elsie Steenkamp en het vier kinders.



*Prof. H.A. Koeleman*

# Nuwe laboratorium by PU geopen

**'n Sitogenetika-laboratorium van die Departement van Gesondheid aan die PU is op Woensdag 28 Mei amptelik geopen deur dr. J. Gilliland. Dr. Gilliland is die koördinerende direkteur van die Departement van Gesondheid. Die simposium is in die vorm van drie sessies aangebied en 'n vyftal lesings is gehou wat deur 'n paneelbespreking gevolg is. Sprekers wat opgetree het was dr. G. Gericke, P.A. Venter (Dept. van Gesondheid) prof. C.J. Reinecke (PU), dr. A.E. Retief (US) en dr. J. Bernstein (Wits).**

In 1979 is hierdie sitogenetiese diens van die Witrandinrigting verskuif na 'n goed toegeruste laboratorium in die Departement Biochemie aan die PU. Met die onlangse landswye uitbreiding van die Genetiese Program van die departement van Gesondheid, is die plaaslike sitogenetika-laboratorium ook uitgebrei ten einde 'n meer omvattende genetiese diens aan die Wes-Transvaal te lewer. Die personeel is ook van die aanvanklike twee in 1979 vermeerder tot ses. Tans beskik hierdie laboratorium onder meer oor die dienste van twee ervare en goedgekwalifiseerde sitogenetici, 'n genetiese suster en 'n biochemikus. Hierdie laboratorium maak deel uit van 'n nasionale netwerk van soortgelyke laboratoria.

Die dienste van hierdie laboratorium aan die Universiteit kan in twee afdelings getipeer word: Algemene Genetiese Dienste en Diagnostiese Dienste.

In terme van die algemene volksgesondheid is dit die taak van die sitogenetika-laboratorium om as 'n inligtingsentrum te dien. Die personeel beoog om 'n groter gewaarwording en begrip by die publiek in die Wes-Transvaal oor aangebore genetiese siektes te skep. Hiervoor beskik die laboratorium oor 'n groot verskeidenheid inligtingspamflette en lesingsaalgeriewe. Veral belangstellende vroueverenigings, groepe skoliere en welsynsorganisasies is welkom om by die inligtingsentrum aan te doen of van die inligtingsmateriaal gebruik te maak.

Die inligtingsentrum lewer ook op 'n individuele grondslag 'n formele genetiese konsultasiediens aan verloofde pare of jong egpare, veral waar daar van moontlike familiale genetiese defekte sprake is. Die diens is ook tot die beskikking van ouers met geneties gestremde kinders.

Die laboratorium beskik ook oor die dienste van 'n biochemikus, mnr. C.H. Marais, wat vir die biochemiese bepaling van aangebore metaboliese afwykings verantwoordelik is. Hierdie diens sluit aan by 'n navorsingsprogram van die Departement Biochemie aan die PU.

# Politieke dinamika en belangegroepe

**Prof. J.J. (Joh) van Tonder, van die Departement Staatsleer het op 9 Mei sy intreerede in die J. Chris Coetzee-gebou gelewer. Hy het gepraat oor die politieke dinamika met besondere verwysing na die opset in Suid-Afrika.**

Volgens hom het politieke dinamika te doen met aktiwiteite en verskynsels in die politieke proses. Die invloede wat individue en groepe op die politieke proses uitoefen, is deel van dié studieveld wat ook in die Sosiologie, Ontwikkelingsadministrasie en Volkekunde gebruik word. Interdissiplinêre werk is dus in dié veld moontlik. Sommige van die groepe wat 'n invloed op die staatkundige proses uitoefen, is die verskillende politieke partye, Inkatha, Sampi, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en selfs die Dierebeskermingsvereniging.

Suid-Afrika word gekenmerk deur 'n groot aantal groepe wat op hierdie wyse informeel aan die politieke proses deelneem. Hulle kry die benaming belangegroepe. Die meeste daarvan is wettig en is ingestel op die besluitnemingsprosesse van die Sentrale regering. Oorsee het sulke groepe, wettig en onwettig, soveel mag verkry dat die rol van die regering tot 'n skeidsregter verlaag is.

'n Meer sinvolle moontlikheid is dat die belangegroepe as adviserende liggame erken word. Daar kan veral in Suid-Afrika nog baie in hierdie rigting gedink word.




*Prof. J.J. van Tonder*

## Derdejaarskamp

**Daar word 'n derdejaarskamp vanaf 1-3 Augustus op die Servaas van Niekerk-kampterrein aangebied. Die koste is R5. Alle derdejaars is welkom — veral persone wat die tweedejaarskamp in 1979 bygewoon het.**

**Die skietlys open 29 Julie om 13h30 by die inligtingshokkie van die studentesentrum.**


## Spaar 'n sent vir die student



**7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad**

# Gooi nou in by Harold's Volkswagen

**Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261**

die WAPAD

## Eksamen

**Hoewel alle studente dit nie besef nie, is die Junie-eksamen 'n belangrike deel van die akademiese jaar. Dit beïnvloed nie net prestasie in 'n sekere vak nie, maar ook insig en begrip van studente en dosente. Volgens die ideaal behoort insig en kennis deur gereelde studie verwerf te word. Ongelukkig kom dit by baie studente eers ná die deurlees van 'n vraestel.**

**Elke student moet besef dat die werk wat nou agterweë bly, nie sommer weer ingehaal word nie. Begrippe wat in mens se eerste studiejaar vaag lyk, verdwyn heeltemal in jou derdejaar. Werk wat nou te moeilik lyk om deeglik te leer, sal teen November in jou agterkop heel onbelangrik lyk — tot jy dit in die eksamen of in jou beroep (hetsy akademies of professioneel) nodig kry.**

**Elke Puk-student het verder 'n verantwoordelikheid om enersyds niemand se geld deur hulle laksheid te mors nie, aangesien studente 'n groot finansiële uitgawe is vir almal wat daarvoor betaal. Andersyds moet elke Puk individueel sorg dat die standaard van ons universiteit hoog gehou word. Op dié manier word akademiese standaard nie deel van die ammunisie waarmee universiteite mekaar afskiet nie. Iets wat van binne gesond is, kan nooit 'n betekenislose buitekant vertoon nie.**

## ASB-kongres

**Die ASB-kongres wat vanjaar by die PU en die POK aangebied word, beloof om baie interessant te verloop. Puk-studente behoort hierdie geleentheid ten volle te benut tot voordeel van die PU en hulle eie vorming.**




# Uit die Woord

### Trek volgens Christus se mode aan

*Kol. 3:12 : "Beklee julle dan as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid."*

Vir jongmense is modes nogal belangrik — en dit geld nie net vir die dames nie. Ook die mans let nogal daarop hoe hulle aantrek. As jou klere oudmodies of verslete begin raak, bekommer dit die meeste mense gelukkig nog. Ons soek na nuwe klere, nuwe modes — en pryse wat nog die student se sak pas.

As iemand of jyself dus opmerk dat jou klere sleg lyk, uit die mode is — kom stap 'n bietjie deur hierdie winkel:

Die verkoopman sal vra: "Kan ek help? Dit lyk of u 'n paar nuwe modieuse kledingstukke nodig het."

Jy sal antwoord: "Ja . . . maar dit moet darem my sak pas." Vinnig sal die verkoopman sê: "Toemaar, alles wat óns aanhou sal jy kan bekostig."

En dan begin hý die klere uitstal. "Hierdie kledingstuk noem ons 'innerlike ontferming' — verkoop nie te goed nie. Dit lyk of die twintigste eeuse mens bang is om dit te dra, om betrokke te raak. Maar dit sal aan jou baie goed lyk. Jy behoort dit elke dag te dra."

"Die volgende een hier op die rak is 'goedertierenheid' — so 'n bietjie konserwatief, maar nietemin 'n standaard kledingstuk vir enige iemand van jou status. Dit laat jou gewoonlik goed voel, veral teenoor ander mense.

"'n Modelyn wat altyd in voorraad is, en waarvan ons nooit genoeg kan verkoop nie, is 'nederigheid'. Dit lyk of mense nooit genoeg daarvan kan kry nie. Al sal dit in die begin voel of dit jou nie pas nie, sal dit met 'n klein bietjie selfverloëning pragtig sit."

Teen hierdie tyd sal jy al bekommerd wees oor die rekening. Maar, miskien uit ydelheid, bly jy nog stil en luister verder.

" 'Sagmoedigheid' word dikwels verwar met 'lamsakkigheid', 'n lyn wat ons nie aanhou nie. Eintlik het 'sagmoedigheid' sterk en besliste lyne, gebaseer op geduld en liefde van die ontwerper en die draer. Jy kan dit gerus probeer.

"'n Laaste kledingstuk wat nie altyd ewe gewild is nie, maar wat gereelde kliënte altyd dra, is 'lankmoedigheid', of kortweg: geduld. Die gejaagde lewe maak dat die meeste mense nie tyd het om dit te dra nie. Dis egter onontbeerlik vir iemand van jou kaliber."

Die klere lyk vir jou goed, en jy besluit om alles te neem. As jy jou tjekboek wil uithaal, sê die verkoopman egter:

"Jammer, ons aanvaar nie tjeks nie — hier beteken jou geld niks nie. Maar moenie bekommerd wees nie — iemand hét al daarvoor betaal, en jy kom ook vir die gratis klere in aanmerking."

Verwonderd aanvaar jy die nuwe klere. Dankbaar neem jy jou voor om elke dag 'n draai te kom maak by hierdie modewinkel — anders sal jou klere gou weer oud en verslete — uit die mode wees.

Uitverkorenes, heiliges, geliefdes! Jou eie klere van selfgenoegsaamheid, onbetrokkenheid, verwaandheid, woede en ongeduld is uit God se mode! Trek dit uit en trek die nuwe klere aan. Christus het reeds daarvoor betaal — jou status as 'n gelowige vereis nuwe klere, elke dag. Doen dit uit dankbaarheid vir die nuwe lewe en nuwe klere — volgens Christus se mode.

# Nie net afbrekende kritiek vir studenteleiers nie

**Geagte Redakteur**

**In die laaste Wapad van 23 Mei het ek met groot belangstelling die onderonsie tussen mnre. Koos Botha en Piet Joubert gevolg, en dit met erg gemengde gevoelens. Aan die een kant kan ek uit eie ervaring en ook uit eie oortuiging nie anders nie as om my by die redakteur en mnr. Joubert te skaar: as verantwoordelike studente aan 'n Christelike universiteit is ons meer as *bloot* afbrekende kritiek aan ons studenteleiers verskuldig. Hulle het ook 'n behoefte aan ons respek, ondersteuning en waardering, en aan voorbidding.**

Aan die ander kant kan ek nie anders as om mnr. Botha se kommentaar te geniet. Die doel van Die Wapad én die SSR was tog duidelik om deur die publikasie van die halfjaarverslae nie net aan die massa verslag te doen nie, maar ook om met die massa oor hierdie verslag in kommunikasie te tree. Hierdie gesonde wisselwerking is iets waaraan ons lankal 'n ernstige behoefte het, en wat dit aanbetref moet 'n mens Die Wapad en die SSR vir hulle inisiatief aanprys. Maar dit sou stellig 'n futiele oefening in leë "window dressing" wees indien almal nou van die massa verwag om te volstaan met "mooi so en baie geluk!"

Met die debakel rondom mnr. Sorgdrager se gewraakte gebrek aan ywer en diensvaardigheid op die SSR het Die Wapad en die SSR self die aandag van die massa gevestig op die weespieëling van harde werk al dan nie in die onderskeie verslae, en daarom hoef niemand verbaas te wees as die massa ander verslae ewe kritics gaan lees nie. Juis in hierdie opsig beskou ek mnr. Botha se brief nie as **bloot** afbrekende kritiek nie, hy wys heeltemal tereg daarop dat daar van die kant van Die Wapad en die SSR 'n groot bohaai opgeskop word omdat mnr. Sorgdrager niks gedoen het nie, terwyl die res van die SSR (meer spesifiek die dagbestuur en veral mnr. Joubert) se verslae skynbaar 'n vergelykbare gebrek aan aktiwiteit vertoon. Hiermee kan ek my vereenselwig, hoewel ek uit ervaring geneig is om te glo dat daar nie soseer niks deur die dagbestuurslede gedoen is nie, maar dat hulle gewoon nie die geleentheid benut het om hulle aktiwiteite ten volle bekend te stel nie. Uit al die dagbestuurslede se verslae (met moontlike uitsondering van die penningmeester) blyk 'n skreiende gebrek aan begrip vir die doel, inhoud en funksie van 'n verslag van hierdie aard. Mnr. Joubert spesifiek, wat klaarblyklik 'n groot aandeel gehad het in die hele heksejag rondom die harde werk of gebrek daaraan by mnr. Sorgdrager, weerspieël in sy verslag aktiwiteite wat vir die oningeligte student inderdaad sinneloos of nikssegend kan voorkom. Hierdie gebrek kan alleen voor die deur van mnr. Joubert gelê word; óf voor die deur van Die Wapad wat moontlik 'n onverteenwoordigende uittreksel van die verslae gemaak het. Dan is die strekking van mnr. Botha se kommentaar steeds geldig; want óf mnr. Joubert het nie behoorlik verslag gedoen nie, óf Die Wapad het sy verslag op 'n misleidende wyse weergegee. In elk van die twee gevalle sou enige kommentaar op ander SSR-lede se verslae misleidend wees, omdat dit by die massa 'n valse voorstelling opwek.

Ek het reeds gemeld dat ek nie ten gunste van bloot afbrekende kritiek is nie, en ek staan by hierdie standpunt. Die standpunt is egter 'n tweesnydende swaard, want nie alleen verg dit van die massa begrip in hulle waardering van die SSR se aktiwiteite nie, dit verg ook van die SSR begrip in die weerspieëling van hulle aktiwiteite. Om een voorbeeld te noem; die "grenslose moeras van onsekerheid" waarna mnr. Joubert verwys, is natuurlik 'n erkende en kommerwekkende gebrek aan ingeligtheid by die deursnee-student; en dit is nie net die student se eie skuld nie. Om van alle studente te verwag om lang en vervelige SSR-vergaderings by te woon om uit te vind wat "interuniversitêr" beteken, is gewoon naïef. Uit eie ervaring kan ek die moerasstudente meedeel dat hierdie agendapunt op die SSR-vergadering hoofsaaklik bestaan uit die voorlees van enkele aanhalings uit ander studenterade se notules en koerante, en dan meesal gekonsentreer op pittige of humoristiese gebeure op ander kampusse. Mnr. Joubert se antwoord op hierdie (myns insiens geldige) navraag is alles behalwe verhelderend. Soos die meerderheid van sy antwoorde, is dit ewe onduidelik as die oorspronklike verslag, en ook neerhalend. Bowendien, om aan enige studentekieser (selfs die mees negatiewe) te antwoord: "jou stem gaan tog nie verskil maak nie", is myns insiens nie alleen aanmatigend en verwaand nie, maar dalk ook 'n aanduiding van onvolwassenheid in die hantering van uitvoerende leierskap. Die smalende opmerking waarmee mnr. Joubert sy antwoord inlei, strek nie tot sy eer nie.

Indien 'n mens die brief van meneer Botha met die nodige openheid van gees benader, sal dit blyk dat die aanvanklike indruk van sarkasme en afbrekendheid vals is. Ek glo nie mnr. Botha se kommentaar verdien die fronsende en verontwaardigde reaksie wat dit ontvang het nie (hy moet my asseblief korrigeer as ek die erns van sy bedoelings onderskat). Hierdie reaksie laat my baie dink aan die optrede van 'n ouer wat sy kind slaan omdat hy moeilik leer loop. Dalk het ons afgeleer om 'n tong in die kies raak te sien.

André van der Walt

# UIT NO. 13

*Mnr. Joubert antwoord so:*

*Mnr. van der Walt weet presies wat die plig van die addisionele lid is, mnr. van der Walt weet baie goed uit sy jare lange ondervinding in die studentelewe dat dit moeilik is om uit hoofde van hierdie posisie en a.g.v. die aard van die werk 'n volledig geskeduleerde verslag op te stel. Ek betreur dit dat hy a.g.v. sy praktiese kennis* ***probeer*** *om refleksies op my verslag te werp terwyl hy goed weet dat dit ongegrond is.*

*Ten opsigte van my trant van antwoord op mnr. Botha se brief, ek het feitelik op elke aantuiging geantwoord en miskien nie reageer soos gehoop was ek sou reageer, nl. om persoonlik te raak nie.*

*Oor die "heksejag" rondom Mnr. Sorgdrager, laat ek dit vir eens en altyd stel, mnr Sorgdrager het nie sy werk gedoen nie en dit spruit glashelder uit sy verslag. Dit sal nie nou vir hom enige nut hê om met onware bespiegelinge die massa om die bos te lei nie. Oor die feit dat ek 'n groot aandeel gehad het in die "heksejag", ek het die voorstel ingedien, dit is algemeen aanvaar. Ek hoop die brief wisseling rondom mnr. Sorgdrager is nou afgesluit want dien vir my geen doel meer nie.*

**(Op versoek van mnr. Joubert is sy antwoord onveranderd geplaas — Red)**

# Mondeor High conveys sympathy

**The Editor**

**My fellow students and teachers were on a geography tour a few days ago in the Eastern Transvaal. We briefly came into contact with students from your University on a similar tour, and were made aware of the untimely death of one of them.**

On behalf of my colleagues I would like to convey our deepest sympathy to her parents and to the staff and students of your University at this sorrowful time.

I would be obliged if you could pass on to the parents, our hopes that they may have courage during this time.

Michael Crawley (Head Boy)
Mondeor High School
Johannesburg

# ASB-Kongres 1980: Wat gaan gebeur?

*Die tweede aflewering van Theuns Eloff se voorskou van die komende ASB-kongres word hier geplaas.*

**Die ASB het vir sy kongrestema die onderwerp "Jeugkrag in Tagtigs" gekies. Daardeur is dié organisasie se wye betrokkenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing onderstreep. Die jeug behoort krag te hê — Suid-Afrika het dit nodig in die tagtigerjare.**

G.S.

Die Subtemas en die sprekers wat uitgenooi is om referate te lewer is soos volg:

- Jeugkrag op die politieke terrein: mnr. Roelf Meyer (LV)
- Jeugkrag op die ekonomiese terrein: prof. Lombard (UP)
- Jeugkrag op die onderwysterrein: Prof Van der Merwe (Rektor, G.O.K.)
- Jeugkrag op die godsdienstige en kulturele terreine: (prof. J.P. de Lange (Rektor, R.A.U.)

Die studentepolitiek (en dit sluit 'n wye spektrum van sake in) is deesdae so dood soos die spreekwoordelike mossie. Van aksie of selfs reaksie in die geskiedkundige tye waarin ons leef (die tagtigs waar die jeugkrag nodig is), is daar maar min sprake.

Laat ons hoop die Christen-Afrikanerstudent word uit sy lomerigheid wakker geskud om die probleme en uitdagings van die tagtigs met jeugkrag die hoof te bied.

Wat verder skitter in die afwesigheid, is uitsprake, studiestukke en vlugskrifte om selfs maar net die bietjie politieke bedrywigheid wat daar is, te peil. Dit is jammer, maar dis nie net aan die deur van die ASB te lê nie.

Die gewone student, met sy skynbare totale onbetrokkenheid, lyk of hy gelukkiger is met geen aktiwiteit in die studentepolitiek, as met iets wat dalk omstrede kan klink.

Die sprekers is dus glad nie kontroversieel nie, terwyl slegs mnr. Meyer homself nog as deel van die "jeug" kan beskou. Nietemin lyk elkeen na 'n spesialis op sy gebied wat genoeg stof tot die nadenke van die kiesersjeug sal kan gee.

'n Ander saak wat (ten minste in die wandelgange) tydens die kongres uitgemaak sal word, is die invloed van die politieke siening van dr. Connie Mulder op Afrikaanse kampusse. Die NKP het tot op datum weliswaar nog net op die PU 'n tak, maar dis algemene kennis dat onder die meeste Transvaalse en Vrystaatse studente (universiteite en onderwyskolleges) dié gedagte wat die NKP met regse Nasionaliste deel, goeie aanklank vind. Dr. A.P. Treurnicht se invloed en sy politieke pad in die tagtigs kan hierop 'n groot invloed uitoefen!

Die feit dat twee ministers, te wete min. F.W. de Klerk en L. le Grange onderskeidelik die openings- en afsluitingsprekers is, verleen 'n status aan die kongres wat hy ook sal moet verdien deur die referate, besprekings en mosies.



Prof. Rassie Smit, prof. Tjaart van der Walt en mnr. Ollie Ollewagen kyk na die PU-vlag wat die 26 Mei vir die eerste keer gehys is.

# Konstellasie skep nuwe toekoms

Jan Steyn

**Op 21 Mei het mnr. Malan van die Afrika-Instutuut op versoek van Kontakpolitiek 'n groep studente toegespreek oor die ekonomiese aspekte van 'n Konstellasie van state.**

**Volgens mnr. Malan is die idee van 'n Konstellasie nie nuut nie. Mnr. Voster en dr. Hilgard Muller het reeds voorheen die idee geopper. Mnr. P.W. Botha het die idee uitgebou en het op 6 Februarie 1980 in die Parlement gesê dat die Konstellasie in 'n konfederasie kan ontwikkel, waarby die stedelike swartes ook betrek kan word.**

Mnr. P.W. Botha het in die Carlton-hotel die konstellasie vaag beskryf, maar die vaagheid het die voordeel dat dit hewige reaksie uitskakel. Wat wel duidelik uitgespel is deur mnr. Botha, is dat die konstellasie 'n gebied suid van die Zambesi en Kunene skep waar vreedsame sosiale en politieke ewolusie kan plaasvind en die maksimum ekonomiese voorspoed verkry kan word.

Mnr. Malan het daarop gewys dat 'n konstellasie 'n interne sowel as 'n eksterne dimensie het. Suid-Afrika behoort eers te werk aan 'n interne konstellasie deur die tuislande te betrek. Die tuislande in Suid-Afrika kan polities onafhanklik word, maar ekonomies sal hulle nooit onafhanklik kan wees nie.

Volgens mnr. Malan lyk die moontlikheid van 'n eksterne konstellasie nie baie rooskleurig nie. Besware van ander state is die rassebeleid, vrees vir dominering en vrees vir groter afhanklikheid van Suid-Afrika.

Mnr. Malan meen ook dat as Suid-Afrika die konstellasie ekstern wil uitbrei, Suid-Afrika eerstens die voordele van 'n konstellasie sal moet uitspel en tweedens die regte klimaat skep vir samewerking. By 'n eksterne konstellasie sal Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi ingesluit word.

Die vrees vir groter afhanklikheid van Suid-Afrika het aanleiding gegee tot die ideaal van 'n teen-konstellasie.

Mnr. Malan het ook gewys op die huidige inter-afhanklikheid van state in Suider-Afrika. Terreine van interafhanklikheid is onder andere spoorweë, voedsel, hidro-elektriese krag, werkverskaffing en toerisme. Sewentig persent van toeriste in Botswana kom uit Suid-Afrika.

"Die era van Verwoerd is verby," het mnr. Malan gesê." Die konstellasie kan dit bymekaar voeg wat bymekaar hoort."

# ISVP Skakel met SAFUIS

**INGENIEURSSTUDENTE-VERENIGING VAN POTCHEFSTROOM**

**Op Donderdag 8 Mei het die ISVP hul tweede vergadering vanjaar gehou.**

Belangrike sake soos truie vir die ingenieurstudente (met die ISVP se wapen daarop) en ledegeld vir die komende jaar is bespreek. Die verteenwoordiging van veral die eerste en tweedejaar studente was nie so goed by die vergadering nie. Dit kan grootliks toegeskryf word aan 'n gebrek aan motivering onder die betrokke studente.

As hulle eers tot die besef gekom het van die voordele en plesiere wat die ISVP vir hulle inhou, sal dit moeilik gaan met die voorbly van aansoeke om lidmaatskap.

Op die vergadering is daar 'n redaksie verkies vir 'n blaadjie wat die ISVP wil uitgee.

3 Lede van die ISVP het ook op Saterdag 10 Mei 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Federasie van universiteitsingenieurstudente (SAFUIS) bygewoon as waarnemers. (In die Raadsaal van Tukkies, Pretoria) Die ISVP is op SAFUIS se onkoste na die vergadering genooi om hulle saak te gaan stel en hulle meer in te lig oor die bedrywighede van die ISVP, aangesien ISVP nog nie lid is van SAFUIS nie.

Die ISVP beoog ook om 'n afvaardiging van ses studente na 'n SAFUIS-kongres op Stellenbosch te stuur. Die kongres vind plaas van 7 tot 11 Julie. Op die kongres sal probleme rakende die ingenieurstudent indringend bespreek word.



*Hierdie is slegs één voorbeeld van die tipe sosiale bedrywighede wat die ISVP aan die ingenieurstudente wil bied.*

*Hierdie gesellige braaivleis is op Vrydagaand 28 April gehou en was 'n groot sukses! Studente van alle akademiese jare was bo verwagting goed verteenwoordig.*


**Oulike koppies vir sleeptyd**



en tal le ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel Gift Shop

TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033


# Kongres bied vol program

**Die volgende persverklaring is deur die reëlingskomitee van die ASB-Kongres wat in Julie gehou word vrygestel.**

Die ASB-kongres word op 14 Julie amptelik deur sy Edele, Minister F.W. de Klerk in die Ouditorium van die Hennie Bingle studente-sentrum geopen.

Die tema van vanjaar se kongres is "Jeugkrag 80". Die jeug se taak ten opsigte van die Ekonomie, die Politiek, die Onderwys, die Godsdiens, en die kultuur word in oënskou geneem.

Die sprekers wat genooi is om oor die onderskeie onderwerpe te praat is: Prof. Lombaard, dekaan van die Ekonomiese Fakulteit aan die UP. Mnr Roelf Meyer, LV vir Johannesburg-Wes, praat oor die Politiek en Prof. van der Merwe, rektor van die GOK. Prof. J.P.P. de Lange, rektor van die RAU, sal oor Godsdiens en Kultuur praat.

Die Kongres word op 18 Julie deur die minister van Polisie, mnr. Louis le Grange, afgesluit.

Inligting oor die Kongres kan by mnr. Corné Mulder, SSR lid vir ASB, gekry word. Die Inskrywings vir die ASB sluit op 15 Junie.

Die koste verbonde aan bywoning is R10 en R25 met akkomodasie.


**guys & dolls**

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!

Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.

## tandem

# Vrees vir eksamen?

**Nou met die eksamen weer op hande voel almal maar taamlik bewerig en onseker. Gaan ek alles betyds in my kop kry? Gaan ek nie deurmekaar raak nie? Sal ek deurkom? Dit is seker maar drie van die talle vrae wat deur al wat 'n student is se kop maal op hierdie stadium. Julie-eksamen is nou eenmaal nie so winter-lekker soos biltong, rugby en geel lemoene nie.**

Ons moet tog nie alleen voel met die berge akademie wat voor ons lê nie. Paul Hamilton Hayne het gesê: "This too, shall pass away."

Selfvertroue en sukses werk hand aan hand. Leer om te dink aan die toekoms, streef na 'n doel. Net harde werk en opoffering sal help om deur hierdie akademiese papberg te eet.

Manne en vroue wat al groot hoogtes bereik het, kan vir ons 'n voorbeeld wees:

Kardinaal James Gibbons: "Ek het mense sien klim op die leer van sukses, honderde van hulle, en van al die elemente wat belangrik is vir sukses, is geloof die belangrikste. Die mens kan niks bereik sonder moed nie."

Sydney Smith: "Die grootste van alle foute is om niks te doen omdat jy so min kan doen. Doen wat jy kan."



*Konsentrasie spreek duidelik uit hierdie foto wat geneem is tydens 'n skaakkompetisie wat deur die PU-skaakklub aangebied is.*

UIT NO. 13

# Jan Louis reageer op kritiek

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van drie briewe in die vorige Wapad (23 Mei 1980), wil ek graag van my kant af 'n paar sake opklaar. Verskeie vrae, beskuldigings en stellings is gevra en gemaak. Ek antwoord kortliks en puntsgewys op die sake; beginnende by die brief van mnr. Sorgdrager:

1. Mnr. Sorgdrager beweer dat ek sekere inligting van die SSR weerhou het, soos die feit dat hy onderneem het om skriftelik die redes vir bedanking aan die SSR te verskaf.

Wat mnr. Sorgdrager in sy brief verswyg, is die feit dat hy ook onderneem het om die verklaring **Maandagmiddag** reeds aan die SSR te verskaf, en dat hy daarvan bewus was dat die SSR die verklaring wou hê met die oog op die publisering daarvan in Die Wapad, tesame met die reaksie van die SSR. Die hele SSR het ten volle kennis gedra van hierdie onderneming van mnr. Sorgdrager, omdat ek hulle daaroor ingelig het. My plig is dus nagekom, maar mnr. Sorgdrager het sy onderneming teenoor die SSR nie gestand gedoen nie.

2. Mnr. Sorgdrager versuim om te noem dat die redes vir sy bedanking wat hy telefonies aan my persoonlik verskaf het op Vrydag 2 Mei 1980, in geen opsig ooreenkom met die skriftelike redes wat hy later aan die SSR verskaf het nie, en wat ook in sy brief in Die Wapad opgeneem is.

Die toeskryf van 'kwaadaardige gesindhede' aan die SSR en beweerde verswyging van inligting aan die SSR-lede deur myself, word weerspreek deur hierdie feite.

3. Mnr. Sorgdrager beweer dat die SSR "in sy geheel kollektiewe verantwoordelikheid" dra vir aspekte van sy eie jaarbeplanning wat nie tot uitvoer gekom het nie, en dat die "Voorsitter en Adjunk-voorsitter in stryd met die konstitusie gehandel het en in elk geval dra hulle verantwoordelikheid vir die doen en late van SSR-lede."

Dat die SSR in die finale instansie verantwoording moet kan doen vir die werksaamhede van sy lede, is wel waar. Wat net so waar is, is dat individuele SSR-lede verantwoording moet doen aan die SSR vir wat hulle in hulle portefeuljes doen en indien hierdie verantwoordelikhede nie nagekom word nie, kan die skuld daarvoor beslis nie op ander of op die SSR gepak word nie.

4. Dit is nie die taak van die voorsitter om SSR-lede aan te spreek oor hulle portefeuljes nie — dit is wel die taak van die Adjunk-voorsitter, en is inderdaad gedoen in die geval van mnr. Sorgdrager. In elk geval is alle halfjaarverslae ter insae by die SSR-kantoor beskikbaar. Dit is wel die plig van die voorsitter om lede oor hulle gedrag en kleredrag aan te spreek vir sover dit die studentelewe raak. Mnr. Sorgdrager sal kan getuig of hierdie plig nagekom is of nie.

5. Die SSR het net ná die bedanking van mnr. Sorgdrager hom per brief uitgenooi om sy griewe op die volgende SSR-vergadering te kom stel, waarvan hy nie gebruik gemaak het nie.

Ek vertrou dat die saak hiermee in perspektief gestel is, en enige verdere diskussie oor hierdie saak sou ek graag op persoonlike grondslag wou voer.

Die briewe van 'Wonder net' en mnr. Koos Botha verdien enkele antwoorde.

1. 'Wonder net' spreek die hoop uit dat die SSR in die toekoms sal optree teen persone wat nie hulle werk doen nie. Die antwoord van mnr. Jan Botha in die vorige Wapad behoort 'n gerusstelling vir 'Wonder net' te wees.

2. 'Wonder net' wil graag weet wie die voorsitter en adjunk-voorsitter se werksaamhede kontroleer. Die antwoord is dat die hele SSR op elke vergadering onder 'n spesifieke agendapunt volle geleentheid daartoe het. Die feit dat hierdie twee lede se verslae met dank aangeneem is, getuig van die tevredenheid van die SSR.

3. 'Wonder net' spreek die hoop uit dat die SSR met die keuring van kandidate 'die laksheid van mnr. Sorgdrager (sal) uitskakel'. Die SSR se keuring van kandidate is streng en laat 'n mate van oordeel aan die studentemassa oor. Die studentemassa van die PUK en niemand anders nie, is verantwoordelik vir wie op sy studenteraad dien. Dit is terselfdertyd 'n antwoord aan Koos Botha waarom Groot (en Klein-) Swete bygewoon moet word en veral — waarom gestem moet word.

4. Mnr. Koos Botha spreek bedenkinge uit oor die voorsitter en ander Dagbestuurslede se werksaamhede. Die redakteur van Die Wapad het tereg genoem dat slegs uittreksels uit die halfjaarverslae gemaak is. Verskeie sake word nie eens genoem nie: Van sitting op verskeie beheerkomitees (die Studentesentrum en die Studenteburo), dagbesture, (die Studentesentrum en die ASB), bywoning van ASB-hoofbestuursvergaderings, weeklikse afsprake met die rektor en met 'n bestuurskomitee van die Studentesentrum, al die voorbereiding en uitvoering van pligte wat voortspruit uit bogenoemde vergaderings, die organisering en koördinering van 'n georganiseerde studentelewe (bestaande uit ongeveer honderd verenigings en meer as eenduisend bestuursposte) word nie in Die Wapad se verslag melding gemaak nie en verdien dus ook nie die sarkasme van mnr. Koos Botha se brief nie.

5. Van iemand wat ernstige kritiek uitspreek soos dié van mnr. Botha, sou 'n mens verwag dat hy sy feite sal bevestig met die halfjaarverslae self en hom sal vergewis van die werklikheid van die situasie van die studentelewe — iets wat hy baie duidelik nie gedoen het nie.

Hoewel die werksaamhede van individuele SSR-lede gekritiseer kan word, vertrou ek dat die integriteit van die Studenteraad as liggaam steeds bo verdenking sal staan.

**J.L. du Plooy**


# BOEKE

# GROOT UITVERKOPING

# HALFPRYS EN KWARTPRYS

## (10% KORTING VIR KONTANT)

Teologiese boeke
Akademiese boeke
en talle ander

*Christelijke Encyclopedie*
*was R36.14 per volume nou R20,00 per volume*
*(net 11 stelle beskikbaar)*

*Kom vroeg en voorkom teleurstelling!*

***BRO REGE***
*Tomstraat 86 Tel. 8875*
*Potchefstroom*

# Hombre word sewe

**Hombrè het Vrydag 23 Mei 'n super sportmankompetisie gehou om sy vyfde bestaansjaar te herdenk.**

Mnre. Gerrie Willer, Willem Brummer en Kobus Botha het onderskeidelik eerste, tweede en derde plekke behaal.

Die eerste prys is 'n naweek op 'n bosveldplaas, die tweede prys 'n sweetpak koopbewys en die derde prys 'n sportsak.

Mej. Lyna Bartie, die sjampanjenooientjie, is Vrydagaand tydens die kaas-en-wyn aangewys. Mej. Bartie het Saterdag voor die hoofwedstryd sjampanje geskink. Die Pukkies het ook opgetree.

Wanda is uitgenooi om die dag saam met Hombrè deur te bring.

Die naweek is afgesluit met 'n braaivleis waartydens die wenners van die super sportmankompetisie aangewys is.

# Pêpflet is greaserig

**Die Pêpfletters van Wag-'n-Bietjie het op Woensdag 28 Mei 'n grease-aksie gehou.**

Hulle het om 18h30 vertrek in drie gegreasde vuurwaens, geklee soos tipiese produkte van die vyftigerjare se tienergenerasie.

Volgens mej. Zelda Nel, 'n inwoner van Pêpflet, is die aksie gehou om die gang se lojaliteit aan te wakker en ter viering van mej. Sonia Rautenbach se groen belt in karate.



Die Heide-dames klink 'n glasie "borreltjies" op die koshuis se tiende verjaarsdag.



Die Pampoenboere het seker gemaak dat die dames van Vergeet-my-nie nie rou vleis eet tydens 'n braaivleis op Woensdag 28 Mei nie.



Mej. Annerie Loots oorhandig 'n blykie van waardering aan mej. Tea Cloete terwyl mej. Aletta Jacobz toekyk.



Dinki en Over de Voor tydens 'n aksie.

# SBC besoek Sasolburg

**Lede van die Studentebiblioteekvereniging en van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese het op Woensdag 21 Mei besoek afgelê by die nuwe openbare biblioteek op Sasolburg.**

Mnr. T. Donaldson, hoof van die biblioteek, het die aanwesiges toegespreek oor die oprigting van die biblioteek en die probleme wat ondervind word met die vestiging van 'n biblioteekdiens in 'n nuwe gebou. Daarna is almal deur die gebou geneem en kon die moderne uitleg en argitektuur van die gebou besigtig word.

Intussen vorder die werk aan die nuwe biblioteek en museumkompleks van Potchefstroom na wense.


**Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....**

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens.

**huis & tuin**

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4641




Klooster en Wag-'n-Bietjie verkeer gesellig tydens 'n Braaivleis. Later die aand is vetkoek geëet en 'n film is vertoon.



Beroemde internasionale sterre tydens 'n fundu in Wag-'n-Bietjie.





Persoonlikhede soos Sue-Ellen en Marilyn Monroe was teenwoordig.


**MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM**
en
**SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT**

Vir die jongste modes in skoene



OIP-105113




# PU-dame wen Super-sportvrou-kompetisie

**Op Saterdag 24 Mei het die Transvaalse Streeksuitdunne vir die Charlie Super Sportvrou-kompetisie op RAU plaasgevind. Isabel Campher van die PU het dié uitdunne gewen. Sy het met groot sportvroue soos Maryna van Niekerk (RAU), Fiona Duncan (Springbok-swemster) en Lorinda Nel (Goudstad) afgereken.**

Isabel het 'n totaal van 516 punte behaal teen Maryna se 501 in die tweede plek. Fiona Duncan was derde, en Lorinda Nel vierde met 444 punte elk. Christine van der Vyfer (ook 'n Pukstudent) het vyfde geëindig met 366 punte. Christine het besonder goed gevaar as in ag geneem word dat sy met 'n agterstand van 100 punte begin het nadat sy geen punte vir die duikitem gekry het nie. Sy het ná Isabel die tweede meeste punte in die basketbal gekry en ook tweede saam met Isabel in die hoogspringitem gekom. Slegs Maryna kon hul hier klop.

In die agt items waaraan die dames moes deelneem het Isabel 'n gemiddelde punt van 64,5 gehandhaaf. Maryna se gemiddeld was 62,6 en Fiona s'n 55,5. Die dames moes aan die volgende items deelneem: duik; swem; basketbal; fiksheidstoetse; naellope, hokkie; hinderniswedlope en hoogspring. Die strafste item was ongetwyfeld die fiksheidsoefeninge, aangesien die deelnemers se prestasies aan tyd gebonde was.



# PU verwoes POK

**Op Saterdag 24 Mei het die PU-eerstespan teen Pote se eerstespan rugby gespeel en oortuigend met 30—19 gewen. Dié jaarlikse wedstryd word nog altyd deur die Pukke en Pote as belangrik beskou.**

Wat die wedstryd betref, het mnr. Max Cramer sy hande vol gehad om die manne se humeure in toom te hou. Hy het goed daarin geslaag om vuil spel te beperk.

Vir die PU-span het Boland Pienaar, Barend Kirsten en Peter Conchar elkeen 'n drie gedruk. Alan Kolesky het weer buitengewoon goed vertoon met sy skopwerk deur al drie die drieë te vervyf en drie strafskoppe suksesvol waar te neem. Dit is jammer dat 'n spierbesering sy hardloopwerk van vroeg af reeds geboikot het.

George Moorcroft se kantlynskoppies was onverbeterlik en dié skepskop sal nog lank in die PU-studente se geheue bly. Tjaart Marais het homself weer goed van sy taak as losskakel gekwyt en gesorg dat die agterlyn aan die hardloop kan bly.


Uitblinkers aan Pote se kant was beslis die uitmuntende skopper, P. Marx, wat met sy skopskoen vir 11 van Pote se 19 punte gesorg het. Pikkie du Toit en P. Oosthuizen het elkeen 'n drie gedruk. Kassie Karstens se lynstaanspel was een te veel vir die PU-slot, André Markraaf.

Die wedstryd het werklik nie vir veel opwinding gesorg nie, maar as Louwtjie van der Walt en Alan se spierbeserings vroeg in die wedstryd hul nie so gepla het nie, sou sake dalk anders verloop het. Zillen Roos met sy kort humeur op die rugbyveld het tóg vir 'n paar oomblikke van opwinding gesorg.



*Die Pukke rank hoog in die lynstaan om die skaal in die guns van die Universiteit te laat swaai*

# Sportpersoonlikheid: Derek Adlam



*Derek Adlam het sy Springbokkleure in kaalvoet-waterski vroeg vanjaar verwerf, toe hy 'n derde plek in 'n internasionale kompetisie behaal het.*

**Derek Adlam, afkomstig van Oberholzer, het reeds begin waterski op die jeugdige ouderdom van drie jaar. As dertienjarige het hy geleer om te slalom, as vyftienjarige skoolseun het hy homself leer kaalvoet ski en toe hy sestien jaar oud was, het hy begin oefen om die hoogste sport in sy sportsoort te bereik.**

Slegs agtien maande gelede het hy vir die eerste keer aan kompetisies begin deelneem en in sy eerste kompetisie het hy tweede geëindig. Daarna het hy in die B-afdeling vir mans al die eerste plekke verower. Hy is gekies om Noord-Transvaal te verteenwoordig by die interprovinsiale kompetisie waar hy ook 'n eerste plek behaal het in die B-afdeling. Gedurende 1979 is hy gekies as 'n lid van die Suid-Afrikaanse Uitnodigingspan en nadat hy redelik goed gevaar het in dié internasionale kompetisie, is hy oorgeplaas na die A-afdeling vir mans. In die Suid-Afrikaanse kompetisie het hy 'n agtste plek behaal in die A-afdeling vir mans.

In vanjaar se kompetisie het hy die seisoen goed begin deur 'n derde plek te behaal in die eerste uitdunne. In Maart is hy gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig teen Europeërs, Amerikaners en Nieu-Seelanders. In dié kompetisie het hy in die derde en finale toets 'n derde plek ingepalm en só sy Springbokkleure verwerf. In vanjaar se Suid-Afrikaanse kampioenskappe is hy vierde geplaas.

Derek het reeds begin oefen vir aanstaande jaar se Suid-Afrikaanse Spele in Durban. Omdat dié sportsoort nog in sy beginstadium is, moet hy homself alles leer en kon hy na niemand gaan vir enige hulp of afrigting nie. Volgens Derek verg dit net ure en ure se naweek na naweek se harde werk en oefen om die hoogste prestasies in kaalvoet-water-ski te lewer. Hy is die jongste Springbok wat vanjaar gekies is.

In water-ski is daar vier afdelings: Ramp; Toertjies; Slalom en Begin-metodes. Omdat skiërs se voetgrootte en liggaamsbou van mekaar verskil, is dit moeilik om by 'n ander persoon te gaan aanklop vir hulp.

Kaalvoetski is dan ook beslis die moeilikste vorm van al die soorte water-ski. Naas motorwedrenne is dit ook die gevaarlikste tipe sportsoort. Die gemiddelde spoed waarteen 'n skiër beweeg, is ongeveer 70 km/h.

# Atletiekklub kies nuwe bestuur

**Op Maandagaand 19 Mei het lede van die PU-atletiekklub in die klein sitkamer van die studentesentrum byeengekom en 'n nuwe bestuur gekies vir die tydperk Mei 1980 tot Mei 1981.**

Die nuwe voorsitter is mnr. Dawie Malan, die ondervoorsitter — mnr. Van Aardt du Preez, die sekretaris — mnr. Hennie Botha, die atletiekkaptein — Jurie van der Walt; die atletiekkapteine — Petro van Rensburg; addisionele lede — Nanda Barnard, Isabel Campher, Roelie Cronjé en Stefan Greyling. Die landloopverteenwoordigers is Attie de Lange en Mari Buys.

## INTERPROVINSIALE LANDLOOP-BYEENKOMS:

Op Saterdag 7 Junie word 'n Interprovinsiale Landloopbyeenkoms op die Fanie du Toit-sportterrein gehou. Provinsies wat sal deelneem is: Noord-Transvaal, Vrystaat, Natal, Oos-Transvaal, Verre-Noord, Wes-Transvaal en Transvaal. Daar sal ongeveer 600 atlete draf in verskillende ouderdomsgroepe wat handel vanaf juniors 0/13 tot by seniors. Die byeenkoms begin reeds om 10h00 en duur voort tot 17h00 en die toegang sal R1,50 per persoon beloop.

# Kortsport

## TOUTREK:

'n PU-toutrekspan het die afgelope naweek in Pretoria gaan deelneem en vyfde geëindig uit nege provinsiale spanne.

## KANOVAART:

Die PU-kanovaartspan het die afgelope naweek die Transvaalse Universiteite-beker gewen toe hul met 174 punte gewen het. RAU was tweede met 142 en Tuks derde met 134 punte. Die kompetisie het op Potch-dam plaasgevind en Frank Wiehahn en Linda Visser was uitblinkers aan die PU se kant.

## MANSHOKKIE:

Op Woensdag 21 Mei het die PU se eerste span teen Wes-Transvaal gespeel en het 1—0 gewen. Op Saterdag 24 Mei het hul teen Goldfields se eerste span gespeel en met 3—4 verloor. Pierre van Heerden, Desmond van Heerden en Wim Vergeer het elk 'n doel geskiet. Die tweede span van die PU het ook Saterdag teen Weermag se tweede span te staan gekom en met 1—2 verloor. Gert Blom het die doel vir die Pukke geskiet.

## DAMESHOKKIE:

Op Saterdag 24 Mei het die eerste span van die PU teen Klerksdorp gespeel en met 4—0 gewen. Karen Hoogenboezem het drie van die vier doele geskiet. Die PU se tweedespan het teen Goldfields se eerste span te staan gekom en met 2—1 gewen. Zelda Scholz en Johlene Bestbier het vir die PU se doele gesorg. Die derde span van die PU het teen Pote se tweede span gespeel en met 5—1 gewen. Elsabé Coetzee het 3 van die 5 doele geskiet.

## NETBAL

Op Maandagaand 19 Mei het die PU se eerste span teen Pote se eerste span te staan gekom en hul met 25—19 gewen. Op Saterdagoggend 24 Mei het die volgende vyf dames die Wes-Transvaalse Senior Netbalspan gehaal: Rina Papenfus; Lynette Smith; Sanet van der Merwe; Hettie Venter en Bettie van Loggerenberg. Dié span sal gedurende die Julie-vakansie op Stellenbosch deelneem aan die Suid-Afrikaanse Provinsiale Toernooi.

## SAU's

Tydens die komende Wintervakansie sal die volgende sportsoorte aan hul onderskeie SAU-toernooie in die ondergenoemde stede en dorpe deelneem. Die datums is nog onbekend:

Landloop — Bloemfontein (27/28 Junie); Skerm — Kaapstad; Gimnastiek — Durban; Mans- en Dameshokkie — Port Elizabeth; Karate — Wits; Netbal — Kaapstad; 0/20 Rugby — Wits; Sokker — Rhodes; Gewigoptel — Wits; Judo, Stoei en Muurbal — PU vir CHO.

Alle spanne en individue wat gaan deelneem, word sterkte toegewens, en mag ons 'n hele aantal sportstudente in SAU-spanne hê ná die vakansie!